# God is Dol Oor Rommel

Die meeste van ons het al gehoor van **“Recycling”** nie waar nie? In Afr noem ons dit herwinning. Dit beteken ons neem iets wat klaar gebruik is en nie meer vir ons waarde het nie en maak weer daarvan iets nuttigs. Voorbeelde? (oorskietkos, ou preek!~ ... vertoon)

## Het jy geweet:

- As **een blikkie** herwin word, kan genoeg energie bespaar word om ‘n TV-stel 3 uur lank met krag te voorsien;
- As **een glasbottel** herwin word, kan genoeg energie bespaar word om ‘n rekenaar 25 min van krag te voorsien;
- as **een plastiekhouer** herwin word, kan genoeg energie opgewek word om ‘n gloeilampie van 60 watt drie uur te laat brand;
- om **een ton papier** te maak is 24 bome nodig;
- sowat 70% minder energie is nodig om papier te herwin as om dit uit grondstowwe te maak.

Die mens se lewe is ook vol rommel—ons noem dit sonde. Dit maak dat God ons nie kan gebruik soos wat Hy graag wil nie. Maar die Bybel belowe God kan ons “rommel” neem en dit herwin tot iets nuuts en nuttigs. **Die Bybel is vol bewyse hiervan:**

- **Abraham** *lieg* en sê dat Sara sy suster is – en word deur God herwin as die *vader van alle gelowiges*.
- **Josef**, ‘n *hoogmoedige ventjie*, word deur God herwin as ‘n *voorbeeld van nederigheid*, vergiffenis en geloof.
- **Gideon**, ‘n *lafaard* so uit die boek, word deur God herwin as ‘n *geloofsheld* wat veg vir die Here.
- **Johannes Markus**, ‘n *onbetroubare medereisiger* wat Paulus en Barnabas in die steek laat (Hand 15:38), word herwin as die *skrywer* van die Markusevangelie.
- **Jakobus en Judas,** broers van Jesus wat Hom *verwerp* het, word herwin as *briefskrywers* aan Christus se kerk.
- Dan is daar ook nog **Petrus** en **Paulus** en **baie ander** voorbeelde.
- Op die ou end is dit waar van **alle kinders van die Here**. *Ons is herwin deur genade.*

**En die proses is nog gedurig aan die gang**. Al sondig ons, gooi God ons nie weg nie.

**Jesus se dissipels** het Hom baie keer teleur gestel, maar Hy het nooit een van hulle in die pad gesteek nie. Toe **Petrus** nadat hy ‘n paar tree op die water gegee het, begin sink het, het Jesus nie gesê: *“Nou-ja, as jou geloof dan so swak is, moet jy maar verdrink nie!”* Of toe **Thomas** getwyfel het, het Jesus nie reageer deur te sê: *“Omdat jy twyfel, wil ek jou nie langer as ‘n dissipel hê nie.”*

Ek het al gehoor dat iemand '**n splinternuwe motor** deur sy onverskilligheid afgeskryf het. Hy het die verkeersreëls ignoreer. So het die mens die lewe wat God hom gegee het, deur sy eie onverskilligheid "afgeskryf". Die wêreld lê besaai met **lewenswrakke**.

Maar, gelukkig: Solank as wat ons nog in hierdie lewe is, **skryf God niemand** af nie. **Rommel – ons sonde – skrik God nie af nie.**

Iemand skryf: *"Wanneer God die rommel van ons lewe sien, verag Hy ons nie en daarom hoef ons onsself nie te verag nie. Hy wil saam met ons kyk na die rommel as boustof vir 'n heel nuwe lewe wat vry en vol blydskap is."* (C J Kraan)

(Kinders lees voor)

**Lukas 15:1-2** vertel vir ons dat God hom in Jesus met **rommelmense** – tollenaars en sondaars – *vereenselwi*g het. Hy het gesê dat Hy juis vir sulke mense aarde toe gekom het (lees.)

**2 Kor 5:17** vertel dat God die ou rommelmens *verander* in 'n nuwe mens met 'n splinternuwe identiteit (lees).

**Fil 1:6** is altyd vir my 'n troos. Dit verseker my dat God sal *klaarmaak* wat Hy in jou en my begin het en Hy sal die rommel van ons lewe herwin (lees).

En laat ons nie van **Golgota** vergeet nie: Dit was destyds 'n plek waar die samelewing mense "afgeskryf" het. Dit was 'n **wrakwerf** van mislukte lewens. Selfs DAAR is die een misdadiger wat saam met Jesus gekruisig was, se lewe herwin! Hy het erken hy was skuldig en geglo Jesus was onskuldig en dat Hy hom kon red. (**Lees Luk 23:39-43**)

**Monica en Augustinus se verhaal**. (Tilla)

Amen.

Erkenning: *Goeie genade, jy is spesiaal!* deur Ewald van Rensburg.

## Bespreking:

1. Vertel van nog mense van wie jy dalk weet wat hul lewens "afgeskryf" het en wie se lewe toe weer deur God "herwin" is.
2. In watter sin is herwinning 'n proses wat gedurig in ons lewens aan die gang is?
3. Dink aan iemand en bid in stilte dat die Here hom/haar sal "herwin".
4. Is dit dalk 'n gebed wat 'n mens vir 'n gebroke huwelik en 'n kerk en 'n land soos SA of Zimbabwe ook kan en behoort te bid? Doen dit.